# Fisioterapie kliniese praktyk 402 (FTP 402)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 88.00 |
| **Voorvereistes** | RHC 451,RHC 452,FAR 381,FAR 382,FTP 300,FTP 301,POL 300 |
| **Kontaktyd** | 2 besprekingsklasse per week, 1 webgebaseerde periode per week, 1 ander kontak per week, Gemeenskapsbetrokkenheid |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Fisioterapie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Gevorderde omvattende fisioterapeutiese hantering van pasiënte met aanmeldbare en nie-aanmeldbare siektes en toestande. Dit behels lewenstylsiektes, chroniese siektes, die impak van MIV op gestremdheid, slagoffers van trauma, en geestesgesondheid. Die impak van fisiese, ekonomiese/politiese/psigososiale omgewing op gesondheid en welstand, bevordering van gesondheid en ontwikkeling op sportwetenskap. Die omvattende fisioterapeutiese hantering van pasiënte is van toepassing op pasiënte van alle ouderdomme waar toepaslik op pediatrie, kindergesondheid, adolessensie, vroue- en manlike gesondheid, en gesondheid en siekte in die middeljare en in geriatrie, leefstylsiektes, chroniese siekte, impak van MIV op gestremdheid, trauma-slagoffers en/of 'n geestesgesondheidstoestand,  en spreek die determinante van gesondheid oor die totale lewenspan aan.
Die module sluit 800 ure kliniese ondervinding in ‘n verskeidenheid gesondheidscenario’s in.
Eksamenperiode: Oktober/November.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.